# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 25 Junie 2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

## *25 Junie*
***Erediens 9:00***
***Prediker:*** *Ds Paullet Grobler*
*Teks: Jeremia 20:7-13*
***Teebeurt: Gemeente***
***Geen Kinderkerk, Kategese en Belydenisklas***

## *Hierdie week:*
**Storie-uitreik 10:00 (Dinsdag, Woensdag en Vrydag in die saal)**
***Ds Paullet is op verlof 26-30 Junie***

## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 25/06 | Mnr | Johan | Entres |
| 25/06 | Mnr | Angelo | Oosthuizen |
| 25/06 | Mnr | Fanus | Pienaar |
| 25/06 | Mev | Marie | Smith |
| 27/06 | Mnr | Jaco | Nel |
| 27/06 | Mnr | James | Smuts |
| 27/06 | Mej | Megan | Welthagen |
| 28/06 | Me | Giona | Oosthuyzen |
| 28/06 | Mnr | Juan-Marques | Warricker |
| 30/06 | Mnr | Lourens | Grobler |
| 01/07 | Mnr | Olof | Erasmus |
| 01/07 | Mnr | Phillip | Koekemoer |
| 01/07 | Mnr | Retief | Van Niekerk |
| 01/07 | Mnr | Joshua | Jeffries |



## Lief en Leed

- Carol en Philip (Jnr) van der Westhuizen en familie met die afsterwe van Philip. Oom Philip se begrafnis is Maandag, 26 Junie om 10:00.
  ***"Hiermee wil ons die gemeentelede hartlik bedank vir al hulle gebede, ondersteuning en besoeke tydens Philip se siekte.***
  ***Carol en Philip van der Westhuizen"***
- Ronel Rademeyer wat Maandag gaan vir 'n knie operasie.
- Cathy du Plessis.
- Bid asb vir die Storie-uitreik wat ons hou in die vakansietyd vir die kinders wat by die kerk opgepas word.

> Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. (Romeine 12:5)

# Bedieninge, Projekte en Uitreike

## Gholfdag
## 8 September 2023

Ons hou ons Gholfdag weer by **Pretoria Gholfklub** die jaar. Die vorms is in die voorportaal beskikbaar.

**Hoe kan ek deel wees?**

- Kom speel saam! Skryf 'n 4-bal in! (R2200 - Aandete en prysuitdeling ingesluit)
- Indien jy enige pryse, veilingsitems en donasies wil gee is jy ook welkom.
- Jy kan ook 'n gaatjie borg of adverteer op die Gholfdag (wissel tussen R900 en R2500)
- Borge ontvang 20% afslag indien hulle vir 'n 4bal ook inskryf.
- Prystrekking vir 'n "*vleis hamper*" : kaartjies vir 'n gelukkige prystrekking sal teen R100 elk verkoop word.

## Storie-Uitreik na die Naskoolsentrum (Vakansieprogram)

**Ons bedien die Naskool se kinders (wat in die vakansies die heel dag in die saal opgepas word) hierdie Junie/Julievakansie drie dae 'n week met 'n STORIETYD. Ons gaan saam met hulle lees en aktiwiteite doen. Indien jy 'n oggend oop het en graag wil deel wees, laat weet gerus vir Thea Oosthuizen (073 239 1332)**

## *Gemeentekamp (13-15 Oktober)*

Ons kamp weer by Riverside Paradise. Daar is ook selfsorg kamers en chalets vir die wat nie kampers is nie. Ons sal weer 'n kampgroep hê maar laat weet my (Fanus) solank by 0659634950 as julle wil saamgaan!

# *Iets interessant*




Hierdie simbool word die Christus-monogram genoem (in Engels: Christogram) en kan in baie gemeentes gesien word. Hierdie is een van die oudste Christelike simbole uit die vroeë kerk en is ook deur Konstantyn gebruik. Dit bestaan uit die twee letters uit die Griekse alfabet wat die eerste twee letters is van die woord Christus – X of Chi (Christus word met 'n "x" gespel in Grieks, die "x" klink egter meer soos ons "k") en die letter R of Rho (die letter "r" in Grieks lyk soos ons letter "p" maar word "r" uitgespreek). Hierdie afkorting het 'n simbool geword wat Jesus Christus voorstel. In Latyn is dit ook 'n afkorting vir Christus is Koning (Christus Rex).Soms is daar nog twee Griekse letters weerskante van die monogram – die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet – alfa en omega. Dit dui daarop dat Jesus Christus die begin en einde is.

# Vars hoender by die kerk te koop

Heel hoenders asook hoenderstukke is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R55 'n kilogram beskikbaar.

Botter - R70 'n houer

# Hondekos (Farina)

Die kerk verkoop Farina hondekos vir R90 vir 'n 8 kg sak en R250 vir 'n 25 kg sak (Sondae na die diens en tydens kantoorure). Vir meer inligting kontak gerus die kerkkantoor.

# Dorkas se Kombuis

Die afgelope week kon Dorkas se Kombuis **90 gesinne** help. Hoe was dit moontlik?
Kom ek vertel ……

Maadag 19 Junie 2023 het die Mootsorgsentrum ons gebless met naartjies, uie, cherry tamaties asook droë items.

Die naartjies is verdeel en is 9 naartjies vir elk van RHS se gesinne gegee. Hulle het ook 8 uie en elk 'n 500g pakkie cherry tamaties ontvang, **41 pakkies** is Dinsdag gepak en teen Woensdagmiddag was al die pakkies afgehaal gewees ☺

2 naartjies is aan elk van die leerlinge op die broodjieprojek van die hoërskool in die Noorde gegee. Daar is **45 leerders** op die projek. Daar was vir elkeen, saam met die 2 naartjies, ook 'n soet bederf gewees.

**41+ 45 + ons eie 4 gesinne = 90!!!!!!!!!**

Ons kan nie vra vir meer genade en seën nie. Ons staan nederig en dankbaar.

Dankie vir die komberse wat ons ontvang het. Dit gaan aangewend word waar nodig.
As enige iemand 'n warm serp nodig het laat weet my asb. Ons het meer as wat nodig was vir die karwagte ontvang. DANKIE!

**ONS VRA ASB VIR BYDRAES VAN** KOO Chakalaka with SWEETCORN. Daar word vir die **SPESIFIEKE** item gevra, want dit is baie lekker net so uit die blikkie en het geen chutney, speserye ens. nodig om dit op te "spice" nie ☺

Mooiste week aan almal en vir die met kinders op skool, geniet die skoolvakansie.

**Bankbesonderhede: M Janeke, Capitec Bank, Spaarrekening, 1651207613**